

30 September

Eksodus 3

(Teks:3: 11) Ek durf dit nie doen nie!

God roep Moses om die volk uit Egipte te lei. Maar Moses sê: Wie is ék dat ék die Israeliete uit Egipte sou bevry? Met ander woorde: *Ek durf nie*. Hoekom voel Moses hom so onwaardig? Omdat die Engel van die Here aan hom verskyn het. En omdat God vir hom gesê het Ek is die God van jou voorvaders. Maar hy voel hom ook so onwaardig vanweë die geweldige roeping. Hy moet vir die farao reguit gaan sê: Laat die Israeliete wegtrek! En hy wat in sy ongeduld destyds 'n Egiptenaar doodgeslaan het - hy moet met eindelose geduld hulle na Kanaan toe lei. Onmoontlik! En daarom: Ek durf nie.

Moet ons hierdie houding van Moses afkeur? Nee, want God doen dit nie. Inteendeel. Die Here vertrou hom: Ek sal by jou wees. Die Here maak sy Naam aan hom bekend: EK IS WAT EK IS. En belowe hom: Jou sending sal geslaagd wees.

Niemand ontvang ooit weer so 'n roeping soos Moses nie. Maar dit neem nie weg dat elke mens se roeping net so groots en heerlik is nie.

Die vraag is net: Wat dink ons van ons roeping? Mag ons tog nooit dink dat ons onmisbaar vir die koninkryk van die hemel is nie. Maar wel heilig-verwonderd dat die grote God van hemel en aarde juis vir my geroep het! Dan wil die Heilige Gees die skugtere só bemoedig, die geringe só ophef, die swakke só sterk dat hy/sy met vrymoedigheid kan sê: Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.

Sing Psalm 90:1 en 2

Dr. C J. Malan (Emeritus)